*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 1 Maart 2026**
**2e Lydenssondag**

**Vir die vra van ons daaglikse vergifnis, is daar één knielplek: Gód, ons Vader.**

*"Ek sê vir julle: 'Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat vra, ontvang; en wie soek, vind; en vir wie klop, sal oopgemaak word.'"*
(Lukas 11:9-10)

In ons gemeente Berg-en-Dal se 70ste bestaansjaar lees ons weer die Evangelie volgens Lukas, oor die lewe, woorde en werke van Jesus van Nasaret – 'n rabbi het sommige gesê is Hy (so met sy dissipels); 'n profeet het ander gesê... maar, dit was veral Jesus se gebruik van die woord "vergifnis", wat in verskillende kringe die oë laat rek het: Nét Gód kan immers sonde vergewe! Die Griekse woord ***"áfesis"*** beteken "om te laat gaan" of "om te laat wees". In die Griekse wêreld destyds het dit veral 'n juridiese betekenis gehad, naamlik "om iemand te verlig van of vry te stel uit 'n regsverpligting"; 'n verhouding van "skuld". In die Griekse vertaling van die Ou Testament (die *Septuagint* of LXX = "Die Vertaling van Sewentig") word ***"áfiemi"*** gebruik vir die "versoening van sondeskuld", deur God (alleen). Só het Jesus sy dissipels leer bid:

> *"Vader, vergeef ons ons sondes; want ook ons vergeef elkeen wat teenoor ons skuldig staan."* (Lukas 11:4)

Hierna het Jesus wéér 'n kort storietjie vir sy dissipels vertel, 'n gelykenis, én, so het ons dit meestal nog gelees: Dit gaan om brood en barmhartigheid (11:5). Immers, in dieselfde "Onse Vader"-gebed so pas deur Jesus vir sy dissipels geleer, is dít die bekende vierde bede: *"Gee ons elke dag ons daaglikse brood"* (11:3) – óf in die gelykenis, "vis" of "eier" (11:11-12). Dat God ons liggaamlik sal versorg met genoeg vir hierdie dag. En lui die gelykenis dan, dat ons ook God se sorg met ánder sal deel, ons kinders en die vreemdeling en behoeftige; dat ons gasvryheid sal beoefen, selfs tot diep in die nag (11:5).

Maar dalk gaan dié gelykenis (ook) oor die ánder deel van ons menslike nood: daaglikse brood vir die lewe van ons siel – die behoefte aan vergifnis? Dat ons dáárvoor by ons Vader sou aanklop, en áánhou "vra, soek, klop." Jesus se woorde nooi elkeen wat ínnig smag na vergifnis, hier na 'n barmhartige Vader (11:13); moedig ons aan om daagliks dáár te kniel en te vra (11:9); verseker ons dat só 'n gebed beantwoord sál word (11:10); en stuur ons om die deur oop te maak waar 'n ánder staan en klop... Dáár, en só, werk sy Gees!

**JL.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; gesinsdiens in die saal deur ds. Janke Hurter en oudl. Matildie Wium. Welkom aan alle besoekers, families en vriende van die dopelinge, en ook diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

# LITURGIE

**Verwelkoming, en oomblik van stille toewyding...**

**Wydingslied:** "Jesus, o dink aan my" (Lied 384)

**Votum:** **Liturg -** "'Wie sê julle, is Ek?'
het Jesus gevra." (uit: Lukas 9 en 18)

**Gemeente -** "Christus – die Gesalfde van God."

**Liturg -** "Kyk, ons gaan op na Jerusalem,
en wat deur die profete oor Hom geskryf is,
word vervul:

**Gemeente -** "Die Seun van die Mens
gaan in die hande van mense oorgelewer word."

**Uitdoof van die Tweede Lydenskers...**

**Wydingslied:** "Jesus, remember me" (Lied 384)

**Seëngroet**

**Loflied:** "Laat ons met ontsag Hom noem" (Psalm 111)
(Keervers telkens almal; dan vs 1a, 2v, 3m en 4a)

**Herinnering aan Twee Woorde vir 'n gelukkige lewe...**

**Verootmoediging:** "Heer, wees genadig" (Lied 243 – twee keer)

**Herinnering aan die Doop as teken van genade...**

**Gebedslied:** "Heer, wees genadig" (Lied 243 – twee keer)

**Oproep van doopouers en hul getuienis...**

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum

**Doopbediening aan die kleine Kruger-, Van der Schyff- en Van Rooyen-kindertjies**

**Danklied:** "O God wat ryk is aan ontferming" (Lied 245:3)

**Skriflesing:** Lukas 11:1-13

**Verkondiging**

**Dankgebed**

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Alles, alles is genade" (Lied 244:1 en 3)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 1 Mrt | 18:00 – Ds. Jan Lubbe (Pastorale Gesprek). |
| Sondag, 8 Mrt | 09:30 – Prof. Hermie van Zyl; gesinsdiens in saal – prof. Jan-Albert van den Berg; Nagmaal by Siësta – ds Janke Hurter.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe (Getuienisbediening). |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

01 Mrt. Hugo Faber, Danika Junius, Marius Swart en Christine van Niekerk.
02 Mrt. Diaan Hattingh, Wilhelm Niebuhr, Lizan Scholtz, Hanlie Theunissen, Ina van der Schyff.
03 Mrt. Jan de Wet, Irma du Toit en Lizanne Muller.
04 Mrt. Marlia Botha, Dawie Crause, Rebecca Louw, Nicola Roets, Sjerine Spies, Margaret Truter en Dalena van der Merwe.
05 Mrt. Dolly Aucamp, Lisinda du Plooy, Pixie Pistorius en Marni Strauss.
06 Mrt. Hanco Sutherland en Marthina van Zyl.
07 Mrt. Lula-Rae Lonergan, Karen Olivier, Nelia Oosthuysen, Rudene van den Bergh en Emma-Lee Vermeulen.

Ons gelukwense aan Charl en Marna Kruger, Johan en Gerna van der Schyff, en Martin en Daphné van Rooyen met die doop van hul kindertjies vanoggend – ons bid jul en jul families, die liefde en troue sorg van ons Vader toe.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Oom Koos Steyn (Santé 123, wyk 18b); Tannie Trudie Roode (Gratias 49, wyk 15c); Tannie Letitia Pretorius (Dealeweg 1, wyk 19a) en Tony O'Reilley (Bayswater). Ons dink ook aan elkeen wat 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun, o.a. aan oom Johan en Tannie Stella van Staden, en aan Louise en Johan Botha, wie se seuns beide verlam is en versorg moet word.

Vir Pastorale Sorg in hierdie tyd: Kontak ds Jan Lubbe (082 784 9362).

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand- (19:00) en Donderdagoggend (09:10) Bybelstudiegroepe o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Sewe tekste uit sewe dekades van Berg-en-Dal se lewe voor Gods aangesig – IV (1982-1997)."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 078 894 9166.

## KERKRAADSAKE

**Kerkraadsvergadering: Sondag, 1 Maart 2026**
Die Kerkraad se eerste vergadering begin vanaand om 18:00 met die erediens ('n Pastorale Gesprek), en direk daarná verder in die kerksaal. Sakelyste is elektronies versend.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: Maart**
Baie dankie aan almal wat in Februarie vir ons gasvryheid gesorg het. In Maart is **Wyke 8** (blok noord van Emily Hobhouse), **9** (blok wes van Hoërskool Sentraal) en **11** (blok suidwes van Johieshof) aan diens vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Wêreldbiddag vir Vroue:**
Weens omstandighede word daar nie vanjaar 'n gebedsbyeenkoms vir vroue by Berg-en-Dal aangebied nie, maar nooi ons almal uit om die geleentheid op Vrydag, 6 Maart by die Bybelhuis (18:00) òf by NGK Bainsvlei (18:30) met die sanger Du Preez Scholtz by te woon.

**Herfstee vir Seniors: Woensdag, 11 Maart om 09:30**
Alle lidmate 65+ word hartlik uitgenooi na 'n gesellige oggendkuier – bespreek jou plek asb. vóór 1 Maart 2026 by die kerkkantoor of WhatsApp jou naam na 073 180 3193.

**JEUGBEDIENING**
**Kategese:** Ons nooi alle ouers uit om vanoggend ná die erediens, ons kategesegroepe te besoek – kom kyk waar & waarmee jul kinders besig is, en ontmoet sy/haar kategete.




Ons gewilde **Jongspankamp** vind weer plaas op 13 & 14 Maart; ons nooi alle kleuters (voorskools) en kinders tot Graad 4 uit om saam te kom kamp, hier by die kerk, vet pret! Bespreek by die kerkkantoor, vóór 11 Maart 2026 (w/a na 073 180 3193). Ons kort ook nog ekstra hande om te kom help – gee ook jou naam deur na die kantoor, dankie!

**Gesoek:**
**Hulpkoster vir Berg-en-Dal (deeltyds):** Kontak oudl. Seef Hefer – 082 653 5353
**Vrywilliger in Finanskomitee Gladstoneweg Jeugsorgsentrum:** Kontak Kerkkantoor

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dank-baarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 1 Maart: **Hoopfonds vir Rampe.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**